

26 Desember

Lukas 2:25-35

(Teks: 2:28) Die nuwe begin

...hy (het) Hom in sy armsgeneem en God geloof.

Ons het 'n ou lewe van sonde met 'n nuwe begin. Dit het ons in ons Here Jesus Christus. Daarom is daar vir ons net één manier vir 'n geseënde en suksesvolle lewe. Dit is die éniëste manier. En dit gee God vir ons in hierdie gebeurtenis daar in die tempel in Jerusalem. Dit is die gebeurtenis van die oue Simeon met die agt dae oue Christuskind in sy arms. Dit is baie meer as net 'n aangrypende toneel. Dit is 'n preek op sigself Dit boodskap 'n nuwe lewe wat nog omarm word deur die oue. Die Christuskind is die nuwe begin van ons ou lewe van sonde.

Só het God Hom dan in hierdie wêreld, aan óns, beloof. En met die volheid van die tyd het Hy sy beloftes vervul. Hier hou die oue Simeon nou die vervulling van God se beloftes in sy arms. Die Christuskind! Wanneer 'n mens al meer tot volwassenheid groei, is die bome nie meer so groot soos toe jy 'n kindjie was nie. Of is die plafon van die huis ook nie meer so hoog soos vroeër nie. Of is die grootmense ook nie meer so goed en gaaf as toe hulle nog vir jou lekkers gegee het nie.

Nee, dan word ons steeds meer bewus van die sónde in hierdie lewe en van hierdie wêreld waarin ons groot geword het. En... dan ontdek 'n mens, met ontsteltenis, in jouself " die oue mens van die sonde". Die dinge wat my oë sien, of wat my ore hoor, of wat in my hart leef, is nie altyd van die reinste en die mooiste nie. Ek word al meer bewus van vreemde situasies waarin die angel van die sonde sit, maar wat ek vroeër in my lewe nie geken het nie.

Wat nou gemaak? God eis van ons: Die oue mens van die sonde in ons, moet sterf! Hiermee gee Hy aan ons 'n nuwe begin van ons lewe. Dié Heil van die wêreld wat Simeon in die tempel in sy arms kon hou. Omarm Hom in u geloof en u sal in hom nuut bly... tot in ewigheid.

Sing Psalm 40:2

Ds. P. du Plessis (Drieviersboom)